**Vir promosie in graad 8 en 9 moet aan die volgende vereistes voldoen:**

Ten minste 50% vir Afrikaans
Ten minste 40% vir Engels
Ten minste 40% vir Wiskunde
40% in enige 3 ander vakke
30% in enige 2 ander vakke

**Die minimum slaagvereistes om 'n Nasionale Senior Sertifikaat(NSS/Matrieksertifikaat) te verwerf, is as volg:**

Ten minste 40% vir Afrikaans
Ten minste 40% vir 2 ander vakke
Ten minste 30% in 3 ander vakke

Graad 9 Vakkeuses

**Voorwaardes en Aanbevelings:**

1. Leerders MOET minstens 60% in WISKUNDE hê om Fisiese Wetenskappe (NS) en Inligtings-tegnologie (IT) in graad 10 te kan neem.
2. Om Fisiese Wetenskappe (NS) en Inligtingstegnologie (IT) te kan neem, MOET 'n leerder Wiskunde neem.
3. Leerders wat tussen 50% en meer vir Wiskunde in graad 9 het, mag Wiskunde as keusevak in gr.10 kies, maar moet Wiskunde in gr. 10 slaag, anders word daar sterk aanbeveel dat die leerder oorskakel na Wiskundige Geletterdheid.
4. Rekeningkunde (Rek) mag saam met Wiskundige Geletterdheid geneem word.
5. Wiskunde word aanbeveel indien 'n leerder Ingenieursgrafika en -ontwerp (IGO) kies.
6. 'n Leerder wat in die Tegniese rigting (Siviele en Meganiese Tegnologie) as loopbaan wil gaan, moet uit die volgende verpligte vakke kies:

- Wiskunde
- Fisiese Wetenskap of Tegniese Wetenskap
- IGO
- Siviele Tegnologie (Houtbewerking) of Meganiese Tegnologie (Pas- en Masjinering)

Indien dit sou gebeur dat 'n leerder wat die Tegniese rigting gekies het met een van die vakke sou ophou, beteken dit dat hy drie vakke moet oor kies. (IGO mag behou word, maar twee ander vakke moet dan by gekies word).

**VOORWAARDES VIR UNIVERSITEITSVRYSTELLING:**

- in sy Huistaal/taal van onderrig (AFRIKAANS) minstens 40% behaal.
- in minstens 4 ander toegewysde vakke 50% behaal.
- Lewensoriëntering moet deur almal geneem word, maar word nie inberekening gebring nie

**Vanaf 2020 is al die vakke, uitsluitend Tegniese Wiskunde en Wetenskap, Universiteitsvrystellingsvakke.(Studente kan wel Tegniese Onderwys met hierdie twee vakke studeer). Dit bly egter die prerogatief van die onderskeie tersiêre instansies om te bepaal watter gewig hulle aan die slaagvereistes van die vakke gaan toeken.**

**TOEGEWYSDE VAKKE VIR UNIVERSITEITSVRYSTELLING:**
**Kyk op bl. 24 van die huiswerkboekie.**

**VAKKE GEKIES VIR DIE TEGNIESE RIGTING:**
**Houtbewerking (Siviele tegnologie) en Pas – en Masjinering (Meganiese Tegnologie) gee nie universiteitsvrystelling nie. Leerders ontvang net ‘n matrieksertifikaat en nie ‘n N3 aan die einde van Gr 12.**